



BEGELEIDING VAN GEESTELIKE LEIERS WAT GOD SE KUDDE VERSORG

APRIL 2014 Nr 38

Volgende uitgawe op 5 Mei 2014 agv skoolvakansie

IN DIE SKADU VAN 'N "SHEPHERD'S TREE"

Om in twee wêrelde te leef

Om Sondag na Sondag eksegeese vir 'n preek te doen, is nie 'n maklike taak nie. Om dan nog *aktueel* te preek en almal se aandag te hou, is amper onmoontlik. Tog vorm prediking gewoonlik 'n baie goeie deel van almal se opleiding. Die eksegeese van die teks, die voorbereiding en al die hulpmiddels maak dat dié een taak van die bediening, dalk nie so moeilik is nie.

In John Stott's se boek, *Between Two Worlds*, wys hy op 'n ander soort eksegeese naamlik, *die interpretasie van jou omgewing en meer spesifiek, die wêreld waarin lidmate leef*. Hierdie wêreld is vir dominees soms nie net onbekend nie, maar bedreigend vanweë die feit dat die realiteit daarvan so vêr van die Bybel verwyderd is. Om my omgewing te interpreteer is een ding, maar om in die leefwêreld van lidmate te kom, is soms baie moeilik.

Dit teen die agtergrond dat ons 'n missionale kerk moet wees. Dit 'n kerk waar elke lidmaat in elke omstandigheid Christus en Sy Evangelie van verlossing verteenwoordig. Die kerk in en op die markplein. Die vraag is egter of ons op die markplein kom? Verstaan ons die dinamika van die markplein? Die uitdagings, die realiteite en die geleenthede?

Die antwoord op hierdie vrae is dat ons maniere sal moet vind om die markplein te verstaan. Ek dink om bloot met lidmate te begin praat oor hulle werksomstandighede kan 'n goeie begin wees. "Hoe gaan dit by die werk?", open soms 'n baie intense gesprek. Ek ken kollegas wat vir meer as net die kos na die weeklikse vendusie toe gaan... as mens eers daar was, tussen die stof en ongenaakbare toeslaan van die bod op die voornemende koper se aanbod! Die teleurstelling op die verkoper se gesig omdat die pryse so laag is. Die geskerts en veral die temas wat aangeroei word wanneer daar tee gedrink word. Dit is alles ongelooflik insiggewend wanneer die teks voor my oop lê, die maklike eksegeese afgehandel, net die interpretasie van die konteks nog voor. Hoe kom hierdie teks in die wêreld van my lidmate aan die woord...?

Tot ons volgende saamsit in Sy koelte...
Gerhard Botha

VBO-VOETPAD

SERTIFIKAAT IN BEDIENINGSVERNUWING 2014: Ons gaan eersdaags met u kontak maak. Enkele plekke nog beskikbaar. *Let wel: Dit is 'n registrasie en nie 'n inskrywing nie:* **SMS D25674, u naam en e-posadres na 31029.** **Sodra ons u naam ontvang het, stuur ons vir u die registrasiebesonderhede - registrasies is nou oop.**

DINSDAG 13 MEI 2014: DIE OPSTEL VAN 'N VRAELYS VIR EREDIENSBYWONERS

Plek: Bloemfontein, UV

Aanbieders: Prof Kobus Schoeman en Ruth Powell
NG predikante in die Vrystaat word uitgenooi om met die opstel van 'n vraelys vir erediensbywoners behulpsaam te wees. As deel van die groter Kerkspieëlprojek (opname weer in Augustus 2014), wil hulle graag kontekstualisering en missionale ekklesiologie van die vraelys gesels. **RSVP asb vóór of op Woensdag 30 April**, by Gideon Lamprecht, gideonlam@webmail.co.za of 051 924 2302 (h)/082 417 0507. **NB:** Die eerste 20 predikante wat oor die werkwinkel antwoord, kan dit bywoon, daarna is jou naam op 'n waglys. Die reiskoste na die werkwinkel is vir die rekening van die predikant en/of gemeente.

24 – 26 JUNIE 2014: KORT KURSUS IN KONFLIKPLOSSING: 'N PASTORALE PERSPEKTIEF

Plek: Bloemfontein - UV, Teologiese Fakulteit, Kamer 120

Tyd: 08:30 – 16:00

Koste: R2 200pp (Sluit verblyf en etes uit)

20 VBO-punte

Registrasie: **SMS D31741, u naam en e-posadres na 31029**

WOENSDAG 3 SEPTEMBER 2014: DR RICHARD BLACKABY IN BLOEMFONTEIN

Plek: NG Gemeente Pellissier - Vlakfonteinlaan 6, Pellissier

Tyd: 10:30 – 15:30

Tema: "Spiritual Leadership"

Koste: R150pp - betaalbaar by Pellissier

Registrasie: **SMS D26166, u naam en e-posadres na 31029**



Like ons op Facebook:
[Shepherd Centre UFS](#)

NB: Die nuutste VBO-inligting word ook op Facebook geplaas.